



### BELEGGINGSDOELWIT

Die beleggingsdoelwit van hierdie portefeulje is om beleggers van 'n stabiele inkomste en konserwatiewe kapitaalgroei te voorsien, met lae wisselvalligheid in opbrengste op kort tot middeltermyn. Die portefeulje belê in 'n kombinasie van aandele, genoteerde eiendom, korporatiewe- en staatseffekte en geldmarkinstrumente. Met 'n maksimum maontlike aandeleblootstelling van slegs 40%, is die portefeulje afgestem op beleggers wat lae risiko verkies, spesifiek wat wisselvalligheid betref. Die portefeulje voldoen aan die omsigtige beleggingsriglyne in Regulasie 28.

### MEER OOR DIE FONDS


ASISA-klassifikasie	Suid-Afrikaans - Multibate - Lae aandeleblootstelling
Risikoprofiel	Laag
Maatstaf	Gemiddeld vir kategorie van Suid-Afrikaanse multibatefondse met lae aandeleblootstelling
Aandeleblootstelling	Die fonds mag 'n maksimum effektiewe aandeleblootstelling van 40% hê.
Buitelandse Blootstelling	Tot 30% van die bates kan buitelandse belê word, en 'n verdere 10% in Afrika (buiten RSA).

### ONDERLIGGENDE BELEGGINGS

Ci Cautious Fund	35.07%
Nedgroup Investments Stable Fund (Food)	24.10%
Abax SA Absolute Prescient Fund	17.51%
Kruger International Flexible Fund	10.43%
Kruger International Equity Fund	10.32%
SA Kontant	1.56%
VSA Kontant	1.01%

Die beleggingsbestuurder sal so ver moontlik in portefeuljes of portefeuljeklasse belê wat nie 'n prestasiefout hef nie.

### BATE ALLOKASIE



Neem kennis: Bate allokasie is een maand agter.

### HISTORIESE PORTEFEULJEPRESTASIE\*

	1 jaar	3 jaar	5 jaar	10 jaar
<b>Kruger Ci Voorsorgfonds van Fondse</b>	-1.53%	3.09%	5.45%	8.69%
<b>Maatstaf</b>	1.24%	4.37%	5.77%	7.93%
<b>Hoogste opbrengs oor rollende tydperk van 12 maande</b>				19.50%
<b>Laagste opbrengs oor rollende tydperk van 12 maande</b>				-4.51%

\*Jaarlikse saamgestel

Hierdie dokument is 'n Minimum Openbaaringsdokument en bevat kerninligting oor hierdie portefeulje. Die dokument word maandeliks bygewerk.

Bron: Syfers is bekom van Morningstar vir die tydperk geëindig Desember 2018, het betrekking op 'n enkelbedrag, en is gegrond op netto batewaarde- (NBW-) teenoor NBW-pryse en die herbelegging van inkomste-uitkerings.

VPI vir alle stedelike gebiede is bekom van I-Net Bridge.

### DIE KRUGER BELEGGINGSKOMITEE

Hein Kruger:	Hoofbeleggingsbeampte
Mia Kruger:	Portefeuljebestuurder
Johan Marais:	Beleggingskomiteelid
Charl Bester:	Beleggingskomiteelid
Chris Nel:	Beleggingskomiteelid
Analytics Consulting:	Beleggingskonsultant

### KOMMENTAAR DEUR PORTEFEULJEBESTUURDER

Internasionaal:

Instede van die gebruikelike jaareinde aandelelopie het marke skerp geval in Desember namate kommer oor voortgesette groei in die wêreld ekonomie begin posvat het, onsekerheid oor die FED se toekomstige monetêre beleid begin intree het en negatiewe geopolitieke ontwikkelings beleggings sentiment verder geknou het. Verwikkeldes soos die Amerika/China handelsdispuut teen die agtergrond van 'n verlamsamende Chinese ekonomie, die gedeeltelike sluiting van die Amerikaanse regering, Brexit en President Macron se toenemende uitdagings in Frankryk het die media opskrifte oorheers. Voorts het die magsverskuiwing in die Amerikaanse politiek waarvolgens beheer van die kongres verwissel het tussen die Republikeine en die Demokrate die vrees vir 'n toename in verdelede politiek verder verhoog terwyl die voortslepende Mueller-onderzoek na moontlike samespanning tussen die Trump-veldtog en die Russe ook verder tot onsekerheid bydra. Soos verwag het die FED rentekoerse met 25 basispunte in Desember verhoog maar sedertdien aangedui dat hulle moontlik die voet effens van die pedaal gaan aafhaal na gelang van vers ekonomiese data. Die Amerikaanse indiensnemingsyfers vir Desember het verras met die skepping van 312 000 nuwe werksgeleenthede teenoor die verwagte 177 000, werkloosheid het effens teruggesak tot 3.9% danksy groter deelname deur werksoekers terwyl gemiddelde uurlikse lone met 3.2% jaar op jaar gestyg het. Teen hierdie agtergrond en met die maatskappy rapporteringseisoen vir die vierde kwartaal wat pas afgeskop het, het beleggers skielik meer skepties geraak oor die volhoubaarheid van die goeie winste waaraan hulle gewoon geraak het. Die belangrike indekse het skerp gedaal in Desember – die MSCI Alle Lande-indeks met -7.76% (-13.80%jtd); die Dow Jones-indeks met -8.59% (-3.48%jtd); die S&P 500-indeks met -9.03% (-4.38%jtd) en die MSCI Opkomende Markte-indeks met -1.32% (-15.83%jtd) – alles in Amerikaanse dollars.

Plaaslik:

Die stand van die plaaslike ekonomie bly benard en, benewens 'n paar groen lote, is dit aan die hand van die jongste data steeds op die afdraande pad. Alhoewel die SA ekonomie herstel het uit 'n resessie bly die pas van herstel teleurstellend en is die algemene verwagting dat die ekonomie sal bly water trap tot na afloop van die Algemene Verkieping. Voorts bly beleid-onsekerheid 'n groot bekommernis, veral in die private sektor, terwyl die herinstelling van beurtkrag gedurende die einde van 2018 ook 'n merk op besigheidsvertroue sal laat. Die finansiële stand van die groot staatsmaatskappye wek verder kommer aangesien bykomende bystand na verwagting benodig gaan word uit skaars finansiële bronne. Ander negatiewe data was die verswakking van SA se leidende ekonomiese aanwysers, 'n verder daling in besigheidsvertroue en 'n ietwat onverwagte rentekoersverhoging deur die SA Reserwebank met 25 basispunte. Op 'n meer positiewe noot het die ekonomie met BBP-groei van 2.2% (kwartaal op kwartaal) gedurende die derde kwartaal uit 'n resessie herstel, die Desember PMI het vir die eerste keer in 2018 bokant 50 indekspunte herstel en was daar 'n totale afname in die petrolprys van R3.07 per liter gedurende Desember 2018/Januarie 2019. Die ietwat meer positiewe toon in onlangse kommentaar deur graderingsagentskappe is ook bemoedigend en dui daarop dat geen onmiddellike afgraderings in die vooruitsig gestel word nie. Na die onlangse verliese het die plaaslike aandele mark nou na vlakke gedaal wat goeie waarde bied. Teenstrydig met oorsese marke het die FTSE JSE Algehele-indeks met +4.25% (-8.53%jtd) in Desember gestyg. Belyn daarmee het die Die Kruger Aandele Fonds met +0.9% gestyg (-5.00jtd) maar het die FOF-portefeuljes almal dalings aangeteken – Gebalanseerd -0.37% (-5.76%jtd); Voorsorg -0.10% (-1.53%jtd) en Wêreld -2.57% (+4.56%jtd). Die nuwe Kruger Fondse het ook gedaal – Gebalanseerd met -0.20% en Voorsorg met -0.37%.

### VOORSTE 10 AANDEELHOUDINGS

Naspers	1.70%	Anglo American	0.80%
Standard Bank	1.41%	CF Rlichemont	0.72%
British American Tobacco	1.29%	Growthpoint Properties	0.67%
Sasol	1.23%	Firstrand	0.66%
Capital & Counties	1.02%	CVS Health	0.58%

Jongste beskikbare inligting oor voorste tien aandelehouidings soos bekend gemaak deur Portfolio Analytics Consulting (Pty) Ltd teen die einde van Desember 2018.



### BYKOMENDE INLIGTING

Aanvangsdatum	18 Julie 2005	Totale onkosteverhouding	Klas A: 1.58
NBW-openingsprys	1000.00 sent per onderaandeel	Transaksiekoste	Klas A: 0.09
Fondsgrootte	R 464 miljoen	Totale beleggingsheffing	Klas A: 1.67
Aanvangsfooi	Klas A: 0%	Berekeningstydperk	1 Oktober 2015 tot 30 September 2018
Aanvanklike adviesfooi	Maksimum 3.00% (BTW uitgesluit)	Inkomsteverklaringsdatums	31 Maart, 30 Junie, 30 September en 31 Desember
Jaarlikse diensfooi	Klas A: 0.525% (BTW uitgesluit)	Uitkerings die afgelope 12 maande (sent per onderaandeel)	31/12/2018: (A) 7.83, 30/09/2018: (A) 12.86, 30/06/2018: (A) 3.90, 31/03/2018: (A) 28.03
Jaarlikse adviesfooi	Maksimum 1.00% (BTW uitgesluit)	Herbelegging-/uitbetalingsdatums	2de werksdag in April, Julie, Oktober en Januarie
Handelsluitingstyd	14:00	Gereedheid van prysbepaling	Ons daaglikse NBW-pryse verskyn op ons webtuiste en in die nasionale pers.
Waardasietyd	17:00		

#### Openbaarmaking van botsing van belange ingevolge Wet op Finansiële Advies- en Tussengangerdienste (FAIS)

Die jaarlikse fooie vir die A-klas sluit in 'n fooi van tot 0.200% betaalbaar aan Kruger, 'n fooi van tot 0.200% betaalbaar aan Ci Collective Investments, en 'n fooi van tot 0.125% betaalbaar aan Analytics Consulting. Alle voormelde fooie sluit BTW uit. Let asseblief daarop dat wanneer die finansiële diensteverskaffer (FDV) 'n party verbonde aan die portefeuljebestuurder is, die FDV/verspreider in die meeste gevalle bykomende fooie kan verdien benewens dié wat die portefeuljebestuurder hef. Dit is die FDV se verantwoordelikheid om sodanige bykomende fooie aan die belegger bekend te maak

#### Kenmerke

Dit is 'n multibateportefeulje met lae aandeelblootstelling, wat beteken dat die portefeulje in 'n verskeidenheid aandele, effekte, genoteerde eiendom en geldmarkinstrumente kan belê, gewoonlik beperkte korttermynwisselvalligheid toon en langtermynkapitaalgroei najaag. Die portefeulje kan 'n maksimum aandeelblootstelling van tot 40% hê, en voldoen aan die regulasie oor aftreefondse. Hierdie portefeulje kan na die goeie dunde van die portefeuljebestuurder tot en met 30% van die bates buite Suid-Afrika belê, plus 'n verdere 10% van die bates in Afrika buiten Suid-Afrika.

#### Risikobelonningsprofiel

'n Laer risiko word gewoonlik met 'n laer maontlike opbrengs verbind, en 'n hoër risiko met 'n hoër maontlike opbrengs. Tog is daar geen waarborg dat opbrengste hoër sal wees op beleggings in 'n portefeulje met 'n hoër risikoprofiel nie. Die risikoprofiel vir hierdie portefeulje word as laag bestempel aangesien dit slegs tot en met 40% in plaaslike sowel as buitelandse aandele kan belê. Die risiko het alleenlik betrekking op wisselvalligheid.

### RISIKODEFINISIES

#### Markrisiko

Aandelemarkte is wisselvallig, en aandeelpryse wissel na gelang van 'n aantal faktore, waaronder veranderinge in die ekonomiese klimaat, algemene veranderinge in rentekoerse sowel as die politieke en maatskaplike omgewing. Dit raak op sy beurt die waarde van die aandele in die effeketrust, wat die algehele waarde van die effeketrust beïnvloed.

#### Wisselkoers-/buitelandse valutarisiko

Hierdie risiko hou verband met beleggings waarvan die waarde in buitelandse geldeenhede aangedui word. Skommeling in die buitelandse geldeenhede teenoor die Suid-Afrikaanse rand kan die beleggings hetsy baat of knou.

#### Konsentrasierisiko

Effektetrusts voeg verskeie beleggers se bates saam en gebruik die opbrengs om 'n beleggingsportefeulje te koop. Huidige regulasies beperk die bedrag wat 'n effeketrust in beleggingsinstrumente kan belê om sodoende 'n meer eweredige risikoverspreiding oor beleggingsinstrumente, bateklasse en maatskappye heen te verskeer.

#### Likiditeitsrisiko

Dit hou verband met die effeketrust se vermoë om beleggingsinstrumente in die portefeulje teen of na aan die billike waarde daarvan te verhandel. Dit kan 'n invloed hê op likiditeit en, in geval van buitelandse beleggingsinstrumente, die repatriasie van geld.

#### Kredietrisiko

Kredietrisiko is waar 'n uitreiker van 'n beleggingsinstrument, uitgesluit aandele, maontlik nie die rente sal kan betaal of die kapitaal sal kan delg nie, wat die waarde van die effeketrust sal raak.

#### Inflasierisiko

Die risiko van 'n maontlike verswakking in die koopkrag van 'n belegging weens 'n algemene toename in verbruikerspryse.

#### Politieke risiko

Die risiko dat beleggingsopbrengste kan verswak weens politieke veranderinge of onstabieleit in 'n land. Onstabieleit kan die gevolg wees van veranderinge in die land se regering, beleidsvormers of weermag.

#### Belastingrisiko

Hierdie risiko hou verband met enige verandering in belastingwette of in die vertolking van bestaande belastingwette wat 'n invloed kan hê op hoe effeketrusts belas word.

#### Voldoeningrisiko

Dit verwys na die risiko van nie-voldoening aan wetgewing, regulasies, voorgeskrewe beleggingsperke en interne beleide en prosedures deur die bestuurder of portefeuljebestuurder.

*Hierdie dokument neem nie die unieke persoonlike omstandighede van enige klient van 'n finansiële diensteverskaffer (FDV) in ag nie, en is ook nie 'n risiko-ontleiding van of ondersoek na enige klient se finansiële behoeftes nie. Die meeste kollektiewe beleggingskemas in effekte (KBS in effekte) is middel- tot langtermynbeleggings. Die waarde van deelnemende belange kan styg sowel as daal, en vorige prestasie is nie noodwendig 'n voorspeller van toekomstige prestasie nie. KBS in effekte word teen heersende pryse verhandel, en kan by die leen en uitleen van aandeelbewyse betrokke wees. Verskillende klasse onderaandele is van toepassing op hierdie portefeulje en is onderworpe aan verskillende fooie en heffings. 'n Lys van fooie en heffings kan van Ci aangevra word. Ci bied geen waarborg met betrekking tot hetsy die kapitaal of opbrengs van die portefeulje nie. Vooruitprysbepaling word gebruik. Skommeling of verandering in wisselkoerse kan die waarde van onderliggende internasionale beleggings laat styg of daal. Internasionale beleggings kan bykomende risiko's inhou, soos maontlike beperkinge op likiditeit en die repatriasie van geld, makro-ekonomiese risiko, politieke risiko, wisselkoersrisiko, belastingrisiko, vereffeningsrisiko sowel as maontlike beperkinge op die beskikbaarheid van markinligting. Die portefeulje kan van tyd tot tyd gesluit word om dit meer doeltreffend in te pas. 'n Fonds van fondse is 'n portefeulje wat belê in die portefeuljes van kollektiewe beleggingskemas, welke skemas hulle eie fooie hef, wat 'n hoër fooistruktuur vir die fonds van fondse tot gevolg kan hê. Die Kruger-portefeuljes word deur Ci saamgestel en geadminestrer, en deur Kruger Internasionaal bestuur en bemark. Kruger Internasionaal is 'n indirekte aandeelhouer in Ci. As indirekte aandeelhouer, kan Kruger Internasionaal van tyd tot tyd dividende verdien, en deelname aan enige dividende kan gekoppel wees aan die inkomste wat Ci uit die Kruger-portefeuljes en enige ander Ci-portefeuljes skep. Hoewel die portefeulje sowel Ci as Kruger Internasionaal se naam dra, aanvaar Ci volle regsanspreeklikheid daarvoor. Bykomende inligting oor die portefeulje kan regstreeks en kosteloos van Ci bekom word. Ci is 'n geaffilieerde lid van die Vereniging vir Spaar en Belegging SA (ASISA).*

**Totale onkosteverhouding (TOV):** Die TOV-persentasie hierbo is jaarliks saamgestel. Dit dui op die persentasie van die portefeuljewaarde wat bestee is aan koste met betrekking tot die administrasie van die portefeulje oor 'n rollende tydperk van drie jaar of sedert die aanvang van die fonds. 'n Hoër TOV impliseer nie noodwendig 'n swak opbrengs nie, en 'n lae TOV dui nie noodwendig op 'n goeie opbrengs nie. Huidige TOV's kan ook nie as 'n voorspeller van toekomstige TOV's beskou word nie.

**Transaksiekoste (TK):** Die TK-persentasie hierbo is jaarliks saamgestel. Dit dui op die persentasie van die portefeuljewaarde wat bestee is aan koste met betrekking tot die koop en verkoop van onderliggende portefeuljebates.

Transaksiekoste is noodsaaklik om die portefeulje te administreer, en het 'n invloed op portefeuljeopbrengste. Tog behoort dit nie in afsondering beskou te word nie, want opbrengste kan oor tyd deur verskeie ander faktore geraak word, waaronder markopbrengste, die tipe portefeulje, die beleggingsbestuurder se beleggingsbesluite, en die TOV.

Die totale beleggingsheffing is die TOV plus TK, wat dui op die persentasie van die portefeuljewaarde wat bestee is aan koste met betrekking tot die belegging van die portefeulje.

Berekeninge is so ver moontlik gegrond op werklike data, en op beste ramings waar werklike data nie beskikbaar is nie.

Die aangeduide prestasie is vir enkelbeleggings, met inkomste-uitkerings vóór die afrekening van toepaslike belasting. NBW- tot NBW-sifers is gebruik. Die jaarliks saamgestelde opbrengs is die opbrengs vir die prestasietydperk wat aangepas is tot een jaar. Prestasie word vir die portefeulje bereken, en individuele beleggersprestasie kan dus verskil as gevolg van aanvangsfooie, die werklike beleggingsdatum, die datum van herbelegging en dividenderughoubelasting.

FDV: Hein Kruger Internasionale Fondsbestuur (Pty) Ltd, FDV-nommer 521, Tel: (011) 726 7700 Faks: (011) 219 7111

Maatskappy/skema: Ci Collective Investments (RF) (Pty) Ltd, Posbus 412249, Craighall, 2024. Tel: 0861 000 881, webtuiste: www.cicollective.co.za

Trustee: FirstRand Bank Limited, Tel: (011) 371 2111

Kruger Ci Voorsorgfonds van Fondse 2 van 2